# AANHANGSEL D

# OPSOMMING VAN EERSTE BEDRAE BETAALBAAR PER AFDELING

**Huiseienaars**

- Anders dan ten opsigte van wonings nie in gebruik - R500 iedere en elke eis.
- Wonings nie in gebruik - R1 500 iedere en elke eis.
- Toevallige skade aan masjinerie vir huishoudelike gebruik - R500 en 10% van eis min. R1 000 ten opsigte van sonpanele op iedere en elke eis.
- Huishoudelike boorgatpompe en elektriese motors- Die eerste R500 van iedere en elke eis bo en behalwe enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar van toepassing.
- Skade aan tuin - R250 ieder en elke eis.
- Verwyderingskoste van bome wat geval het - R250 ieder en elke eis.
- Insakking en Grondverskuiwing - R5 000 bo en behalwe enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar van toepassing.
- Meganiese Breekskade (Elektriese Stowe alleen) - R500
- Eiendom soos gespesifiseer uitgesonderd sonpanele – R500 (vyfhonderd rand)
- Sonpanele en verwante toerusting wat deel vorm daarvan – die eerste 10% onderhewig aan ‘n minimum van R2 500 (tweeduisend vyfhonderd rand)

**Huisbewoners (Inhoud)**

- Basies van toepassing op alle Versekerde Gevare van Onderafdeling A – R250
- Geboue onbewoon / nie in gebruik – R1 500 (alle gevare van Onderafdeling A)
- Sleutels en Slotte – R250
- Skade aan tuin – R250
- Swembadmasjinerie – R500
- Toevallige Skade – R250
- Meganiese Onklaarraking – R500
- Yskaste-, Vrieskaste-, Koelkamers en Vrieskamer Inhoud – R500
- Insakking en Grondverskuiwing – R5 000 kumulatief tot enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar wat van toepassing mag wees
- Gastehuise – R250

**Persoonlike Alle Risiko**

(a) klerasie en persoonlike besittings

| | | |
|---|---|---|
| (i) | ander dan diefstal vanuit enige voertuig | R250 |
| (ii) | diefstal vanuit enige voertuig wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang uit sodanige voertuig | 20% van die eis of R250 wat ookal die meeste is |

(b) enige gespesifiseerde item(s) in die Bylae vermeld (uitgesluit trapfietse/skopfietse, kontaklense, sellulêre telefone, vuurwapens, motorradios, bandspelers en soortgelyke toerusting of motortelefone en inhoud van woonwaens en bagasiesleepwaens — R0 of bedrag in Bylae vermeld

| | | |
|---|---|---|
| (c) | trapfietse / skopfietse - gespesifiseer al dan nie | R250 |
| (d) | sellulêre telefone | R500 |
| (e) | kontaklense | R250 |
| (f) | motorradios, bandspelers en soortgelyke toerusting of motortelefone | 10% van eis minimum R350 |
| (g) | inhoud van woonwaens en bagasiesleepwaens | R250 |
| (h) | vuurwapens | R500 |

of die Eerste Bedrag Betaalbaar in die Bylae vermeld, wat ookal die meeste is.

**Persoonlike Ongevalle**

- Mediese Kostes – R100

**Uitgebreide Persoonlike Aanspreeklikheid**

- Eiendom gehuur, op bruikhuur of deur die Versekerde geleen – R5 000
- Opskorting of beëindiging van die diens van enige huishoudelike personeel – R2 000

**Motorbote, Seiljagte en Kleinvaartuie**

- Straalspuitski's (Jetski's) - R1 000
- Alle ander vaartuie - R250
- Onderafdeling B – Ander Eiendom - R250
- Onderafdeling C – Sleepwa – R250

**Elektroniese Toerusting**

- Basiese Eerste Bedrag Betaalbaar (Uitgesluit diefstal) ten opsigte van iedere en elke eis – R250
- Diefstal (Uitgesonder draagbare Persoonlike Rekenaars – Uitgebreide dekking) – 10% van eis minimum R1 000
- Skootrekenaars (Uitgebreide dekking) – 10% van eis minimum R1 500
- Kragstuwing of Weerligslag – 10% van die netto bedrag betaalbaar vir items sodanig beskadig minimum R1 000, maar maksimum R2 000 – bo en behalwe die basiese Eerste Bedrag Betaalbaar indien nie toepaslik en voldoende beskerm deur middel van veiligheidsmaatreëls teen variasies in die kragtoevoer nie
- Verhoogde Bedryfskoste - R250
- Herstel van Data/Programmatuur – R250

**Motor**

- Verwys asb na Motor Bybetalingsstruktuur aangeheg

**Brand**

- Vrektes van Wild en/of Volstruise – Direkte Weerligskade – 10% minimum R500 in die geval van grootwild en volstruise en R250 in die geval van kleinwild
- Opleistellasies – 10% van die eis minimum R1 000, maksimum R25 000
- Hael- en Skadunette - 10% minimum R1 000 maksimum R25 000
- Rosyne in die ope - 10% minimum van R1 000 ten opsigte van windskade alleen terwyl in die ope op droogstellasies
- Plastiese Tonnels - 10% minimum R1 000 maksimum van R25 000
- Miedens in die ope - die Versekerde word beskou as sy eie Versekeraar vir 25% van die markwaarde
- Pompe en Elektriese Motors - 10% van elke eis of R500 watter bedrag ookal die meeste is vir enige skade wat aan pompe of elektriese of elektroniese motore en elektriese skakeltuig daarvan veroorsaak word direk of indirek deur weerlig.
- Eiendom in die ope - 10% minimum R250
- Televisieherleistasies en Radiomaste – 10% minimum R500 veroorsaak direk of indirek deur weerlig
- Kamp- en Lyn/Grensdrade – 10% minimum R1 000
- Sonpanele – 10% minimum R2 500
- Insakking en Grondverskuiwing – 1% van die versekerde bedrag op die eiendom soos vermeld in die Bylae of R500
- Temperatuurs Alle Risiko – 10% minimum R500

**Geboue Omvattend**

- Skade aan Tuin – R250
- Insakking en Grondverskuiwing – 1 % van die versekerde bedrag of R500
- Gastehuise – Inhoud van verkoelings- en/of vrieseenhede – R1 000 ten opsigte van enige enkel eis weens die gevare soos omskryf in 15(i) en (ii)
- Diefstal – 10% minimum R1 000

**Kantoorinhoud**

- Onderafdeling C – Dokumente – 10% of R1 000
- 10% van elke eis onderhewig aan 'n minimum van:
  - R250 van iedere en elke eis (uitgesluit eise vir verlies of skade as gevolg van weerligslag of diefstal wat gepaard gaan met kragdadige betreding of verlating)
  - R1 000 van iedere en elke eis as gevolg van weerligslag of diefstal wat gepaard gaan met kragdadige betreding of verlating
  - R1 000 ten opsigte van ieder en elke eis as gevolg van diefstal sonder enige kragdadige betreding of verlating van die persele of die bedrag vermeld in die Bylae, watter ookal die meeste.

**Diefstal**

- 10% van eis minimum R250 – nie van toepassing op klerasie en persoonlike besittings van werknemers (Alle Inhoudsklousule) of t.o.v. slotte en sleutels nie
  **Eiendom in die ope (wyn en verwante produkte in tenke alleen) -** 5% met 'n minimum van R500 ten opsigte van ieder en elke eis.

**Geld**

- Basies (nie van toepassing op Uitbreiding 1,2 en klerasie in terme van 3)- 10% van iedere en elke eis met 'n minimum van R250 of die bedrag soos vermeld in die Bylae watter ookal die grootste

- Diefstal van tjeks – 25% van iedere en elke eis tensy daar voldoen word aan die prosedure rakende die kruis van tjeks.

- As gevolg van die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer in die diens van die Versekerde ontdek binne 14 dae nadat dit gepleeg is.
  - 2% van die perk in terme van die Omskrewe Gebeurtenisse van toepassing plus
  - ‘n Verdere 10% van die netto verlies na aftrekking van die 2% soos hierbo vermeld.

**Glas**

- R100 van iedere en elke eis

**Eerlikheidswaarborg**

- Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie Afdeling ten opsigte van 'n Omskrewe Gebeurtenis waarby een werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met:

  (a) 2% van die totaal van die versekerde bedrag ingevolge hierdie Afdeling en die verklaarde versekering of R60 000, wat ookal die minste is, plus

  (b) 'n verdere bedrag van 10% van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die bedrag wat in (a) hierbo gespesifiseer word.

  Beide bedrae word ten volle deur die Versekerde gedra en bly onverseker.

- **Rekenaarverliese - Eerste Bedrag Betaalbaar**

  Die persentasie aangetoon in (b) van die verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule word vanaf 10% na 20% verhoog indien die Omskrewe Gebeurtenis voortspruit uit oneerlike

  (i) manipulasie van

  (ii) invoering in

  (ii) weglating van invoering in

  (iv) vernietiging van

  (v) verandering aan

  enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, toesig, ontwerp, skepping of verandering van rekenaarstelsels of- programme behels.

- **Eerste Bedrag Betaalbaar vir verliese ontdek meer as 12 maande nadat dit gepleeg is**

  Indien enige Omskrewe Gebeurtenis ontdek word langer as 12 (twaalf) maande nadat:

  (a) dit gepleeg is
  (b) die eerste gebeurtenis binne 'n reeks gebeurtenisse gepleeg is deur een persoon of 'n aantal persone wat saamspan, word die persentasies vervat in die Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule soos volg verhoog:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste Bedrag Betaalbaar-klousule | Eerste Bedrag Betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui | |
| | Indien verliese ontdek word langer as 12 (twaalf) maande nadat dit gepleeg is, maar nie langer as 24 (vier en twintig) maande daarna nie | Indien die Afdeling verleng is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word langer as 24 (vier en twintig) maande nadat dit gepleeg is, maar nie langer as 36 (ses en dertig) maande daarna nie |
| **Verpligtend** | | |
| Paragraaf (a) | Vanaf 2% tot 4% | Vanaf 2% tot 5% |
| Paragraaf (b) | Vanaf 10% tot 15% | Vanaf 10% tot 20% |
| **Rekenaarverliese** | Vanaf 20% tot 30% | Vanaf 20% tot 35% |

Nieteenstaande bogemelde mag die Versekerde verkies om slegs vir daardie deel van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is, in welke geval die Eerste Bedrag Betaalbaar toepaslik vir daardie korter tydperk van toepassing is.

Vrywillige Eerste Bedrag Betaalbaar (indien in die Bylae as ingesluit vermeld)

**Transito**

- Basies 10% van eis - minimum van R500 of die bedrag in die Bylae vermeld
- Kaping/Skaking – 20% van eis

**Sake Alle Risiko**

- **Volgende op Diefstal vanuit voertuie**

  Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder vermeld van iedere en elke gebeurtenis wat voortspruit uit diefstal wat gepaard gaan met sigbare, kragdadige en gewelddadige toegang tot of uitgang vanuit

  (a) die bagasiebak of kompartement (paneelkissie) van enige voertuig wat behoorlik gesluit en beveilig is of vanuit enige beveiligde en gesluite gebou wat sodanige voertuig huisves- 10% van die eis of R200 watter ookal die meeste is;
  (b) in die kajuit of onder die kappie van enige voertuig uitgesluit soos omskryf in (a) hierbo- 20% van die eis of R500 watter ookal die meeste is;

- **Ander dan Diefstal vanuit voertuie in terme van (i) (a) en (b) hierbo**

  Die Versekerde sal verantwoordelik wees vir die Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder vermeld in geval van iedere en elke gebeurtenis behalwe ‘n eis voortspruitend uit brand, weerlig, ontploffing of diefstal (soos omskryf in terme van (i)(a) en (b) hierbo)

  (a) glasbottels van melkmasjiene- 10% van die eis of R250
  (b) besproeiingspype en- pompe- uitgesonderd kabels, pype of toerusting wat deel vorm van besproeiingstelsels op wiele en spilpunte - 10% van die eis of R500
  (c) stikstofinseminasieflesse en inhoud- 10% van die eis of R500
  (d) alle ander gespesifiseerde eiendom- 5% van die eis of R250
  (e) die eiendom van gaste of kliënte - 10% van die eis minimum R 250 per gas of kliënt per gebeurtenis
  (f) vernietiging, wegdoen en/of terugsendingskoste van beskadigde eiendom – 10% van die eis minimum R1 000

(g) pypleidings, kabeltuig, rekenaar- en dryfstelsels en pompe wat deel vorm van besproeiingstelsels op wiele en spilpunte hetsy bo of onder die grond

(i) 10% van die eis minimum R2 500

(ii) Enige daarop volgende verlies of skade ten opsigte van dieselfde eenheid/stelsel gedurende enige 12 maande periode weens diefstal of enige poging daartoe R10 000 betaalbaar bo en behalwe enige ander Eerste Bedrag Betaalbaar

of die bedrag vermeld in die Bylae ten opsigte van (ii)(a), (b), (c), (d), (e), (f) en (g)(i) en (ii) watter ookal die meeste is.

**Toevallige Skade – Ander dan Wyn**

- 10% van iedere en elke eis met 'n minimum van R500 of die bedrag in die Bylae vermeld

**Toevallige Skade – Wyn**

- Die Versekerde is aanspreeklik vir die Eerste Bedrag Betaalbaar soos hieronder vermeld ten opsigte van iedere en elke eis:

| **Item 1** | **Wyn en verwante produkte** | **Eerste Bedrag Betaalbaar** |
|---|---|---|
| (a) | Lekkasie en/of kontaminasie van wyn en verwante pro-dukte alleenlik as gevolg van die toevallige brekasie van en/of skade aan tenkpoorte en toebehore van wynvate en/of tenke, toevallige bars, brekasie en/of skade aan of van skeiers en toebehore, wynvate en/of tenke en/of pypverbindings en pype van sodanige wynvate en/of tenke | 10% van eis minimum R2 500 |
| (b) | Toevallige lekkasie (uitgesonder oorsake vermeld in (a) hierbo en/of bymekaarpomp van wyn en verwante produkte | 10% van eis minimum R2 500 |
| (c) | Gisting van Opgeswaelde Soetmos | 15% van eis minimum R5 000 |
| (d) | Enige ander verlies of skade uitgesonder oorsake vermeld in (a) en / of (b) hierbo | 20% van eis minimum R5 000 |
| (e) | Toevallige brekasie van bottels en/of gebottelde wyn en verwante produkte | R500 |
| **Item 2** | **Tenke, houtvate en tenkpoorte** | 10% van eis minimum R1 000 |
| **Item 4** | **Ontlading of lekkasie van:** | |
| (a) | Wyn en verwante produkte (skade aan omliggende eiendom alleen) | 5% van eis minimum R1 000 |
| (b) | Alle ander vloeistowwe soos omskryf (skade aan eiendom met inbegrip van verlies van sodanige vloeistowwe maar uitgesluit wyn en verwante produkte) | 10% van eis minimum R1 000 |

**Gemeenregtelike Aanspreeklikheid**

- Basies – R1 000
- Produkte – 10% van eis min R1 000
- Afdwaal, wegloop en aanjaag van vee – 10% van eis min R1 000 en maksimum R25 000
- Verspreiding van Brand (ander dan Plantasies) – 12,5% van eis min R2 500 en maksimum R50 000
- Verspreiding van Brand (Plantasies ens) – 15% van eis min R5 000 en maksimum R100 000
- Bars of oorloop van 'n damwal – 10% van die eis minimum R1 000
- Gastehuise – eiendom van besoekers of gaste – R250
- Ondoeltreffendheid – 10% van die eis minimum R2 500
- Opbergingsaanspreeklikheid (beide uitbreidings) – 10% van die eis minimum R5 000
- Produk Herroeping – 10% van die eis minimum R15 000
- Produk Waarborg - 10% van die eis minimum R15 000
- Produkaanspreeklikheid – Noord Amerika en Kanada – 15% van die eis minimum R15 000

**Enkelrit Transito**

- Basies 10% van eis - minimum van R500 of die bedrag in die Bylae vermeld
- Kaping/Skaking – 20% van eis

**Masjienerie Breekskade**

- Wynkelders – 10% van eis minimum R1 000
- Ander dan wynkelders – R1 000 of die bedrag vermeld in die Bylae watter ookal die grootste is.

**Enkelrit Transito – Stamboekdiere, Lewendehawe, Wild en Volstruise**

- Basies 10% van eis - minimum van R500 of die bedrag in die Bylae vermeld
- Kaping/Skaking – 20% van eis

**Kudde**

- Weerlig - 10% van die eis met 'n minimum van:
  - R250 van toepassing op Grootvee
  - R150 van toepassing op Kleinvee
- Aanval deur honde en wilde diere – 10% van die eis met minimum van R250
- Kaping/Skaking – 20% van die eis
- Verkluiming – Bybetalings soos volg:

- **ANGORABOKKE:**
  - Binne 2 maande nadat dit geskeer is - 25% van die eis (Minimum R500)
  - Andersins - 10% van die eis (Minimum R250)

- **ALLE ANDER BOKKE EN SKAPE:**
  - Binne 2 maande nadat dit geskeer is - 10% van die eis (Minimum R250)
  - Andersins - 5% van die eis (Minimum R150)

- **GROOTVEE:** - 10% van die eis (Minimum R250)

**Stamboekdiere**

- Basies – 10% van die eis met 'n minimum van R250.
- Kaping – 20% van iedere en elke eis.

**Besproeiingstelle op wiele en spilpunte**

- Onderafdeling 1 (Verlies of Skade) – 10% van die verlies of skade minimum R2 500.
- Enige daaropvolgende eis(e) gedurende enige 12 maande periode op dieselfde sisteem/eenheid – R10 000 bykomend tot enige ander bedrag betaalbaar.
- Skade aan butebande – 10% minimum R200

**Brand – Oes en Mied**

**A Voermiedens (Ruvoer in die ope)**

- In transito (ander dan deur brand) – R1 000 per gebeurtenis
- 'n Bykomende 15% van die genomineerde waarde indien daar nie ten volle voldoen word aan die vereiste afstande wat skoon gehou moet word van alle brandbare materiaal rondom miedens en geboue waarin geberg verwys polisvoorwaardes in die verband.

**B Oes (Brand) (Saad en/of pitte)**

- In transito (ander dan deur brand) – R1 000 per gebeurtenis
- 10% van ieder en elke eise uitgesluit terwyl in transito onderhewig aan minimuim van R1 000 en ‘n maksimum van R10 000